1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 1 – 14 JANUARIE 2015

Geagte ouers

Dit is vir ons aangenaam om u terug te verwelkom na 'n heerlike vakansie waarin almal uitgerus het en gereed is om die nuwe jaar saam vol moed aan te pak. Baie welkom aan al ons nuwe Graad R en Graad 1 ouers, asook alle nuwe ouers wat vir die eerste keer by Laerskool Danie Malan ingeskryf is. Neem asseblief kennis van die volgende:

PERSONEEL:

Me. Ursula Botes het einde Desember op pensioen gegaan. Na 33 jaar by Danie Malan wens ons haar net die beste toe vir haar aftrede.. Ons verwelkom vir me. Magda Els by Graad 1 en mnr. Johan Kotze by Graad 5 en die volgende klasassistente wat by ons aangesluit het: Roché van Jaarsveld, Elzé Erasmus, Soné Erasmus, Liné Hitge en Ruan Pretorius.

Op **1 Januarie** het juffrou Clarice Schmidt verjaar, **5 Januarie** juffrou Chantell Meyer,10 **Januarie** juffrou Rene Peens en 12 Januarie juffrou Carla Roux. Baie geluk aan die personeel.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2015

14 Januarie	**SKOLE OPEN** **Graad R oueraand 18:30 in saal**
15 Januarie	**Foto's Graad 1 en Graad R** **17:00 Graad R en Graad 1 Atletiek uitdunne: As dit rën vind dit Maandag 19 Januarie plaas.** **Graad 7 vergadering met ouers 18:30**
16 Januarie	**ATLETIEK: HUISSPORT IN SKOOLTYD 07:30** **Skool kom 13:00 uit**
19 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 1 – 3 in klasse van 18:00** **Inligtingsaand Gr. 4 Afrikaans 18:00 in saal**
20 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 5 Afr. 18:00 in saal**
21 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 6 Afr. 18:00 in saal** **Junior Jolyt Oudisies 14:15**
22 Januarie	**Inligtingsaand Gr. 7 Afr. 18:00 in saal** **Atletiek Vriendskaplike byeenkoms (tuis)**
23 Januarie	**Toets leerstof uit**
26 Januarie	**Oudisies koor Graad 4 – 7 : 14:15 – 15:15** **Tennis liga**
27 Januarie	**Oudisies Malanne Deuntjies 14:15**
29 Januarie	**Atletiek: Noord van die Berg**
2 Februarie	**Tennis liga**
5 Februarie	**TOETS: ENGELS** **Waatlemoenfees 12:30**
6 Februarie	**Atletiek Sub-cluster (wyk) H/S GM**
9 Februarie	**Tennisliga**
12 Februarie	**TOETS: WISKUNDE** **Atletiek Cluster (L/s DM)**
13 Februarie	**Graad 7 Sokkie** **Skaak Interhuis** **VALENTYNSDAG BY SKOOL. Leerlinge dra rooi of wit.** **Geen koste.**
16 Februarie	**Interne Redenaars Gr 1 – 3 18:30**
17 Februarie	**Interne Redenaars Gr 4 – 5 18:30**
18 Februarie	**Interne Redenaars Gr 6 – 7 18:30**
19 Februarie	**TOETS: AFRIKAANS**
20 Februarie	**Atletiek: Distriksbyeenkoms (tuis)**
23 Februarie	**Tennis liga** **Leerlinge dra gewone klere op hoof se verjaarsdag.**
25 Februarie	**Foto's: klasgroepe en Individuele foto's**
26 Februarie	**TOETS: NW/TEG GR. 4 – 6 EN NW GR. 7**
2 Maart	**Tennisliga**
4 Maart	**Rugby Bulletjies Midstream 18:00**
5 Maart	**TOETS: SW**
10 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
11 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
12 Maart	**TOETS: EBW** **Rugby: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
16 Maart	**Tennisliga**
19 Maart	**TOETS: TEGNOLOGIE GRAAD 7**
20 Maart	**Rapporte: GF + Gr R**
23 Maart	**Oueraand GF 17:30** **Tennisliga**
25 Maart	**SKOOL SLUIT 11:00** **MARKDAG GR 5** **Leerlinge betaal R5 vir gewone klere ten bate van Behoeftige fonds.** **Rugbytoer na Sundown Ranch (O/12 en O/13)**

OUERINLIGTINGSAANDE – 2015:

Ons skep deur die Inligtingsaande vir u die geleentheid om op hoogte te kom wat u in 2015 te wagte kan wees rondom u kind se AKADEMIE. Ons doen dus 'n beroep op u, om hierdie geleentheid te benut, en asseblief by te woon. Vir die doel het ons die volgende Inligtingsaande geskeduleer.

Woensdag 14 Januarie: 14 Januarie 18:30
Graad R in die saal.
Maandag: 19 Januarie
Gr. 1 – 3 in hul voogklasse: 18:00
Gr. 4 Afrikaanse klasse in saal: 18:00
Dinsdag: 20 Januarie
Gr. 5 Afrikaanse klasse in saal: 18:00
Woensdag: 21 Januarie
Gr. 6 Afrikaanse klasse in saal: 18:00
Donderdag: 22 Januarie
Gr. 7 Afrikaanse klasse in saal: 18:00

SKOOLTYE 2015:

Neem asseblief kennis van die skooltye vanaf Maandae tot Vrydae. Neem asb. kennis dat die skooltye verleng is om te voldoen aan die voorskrifte van die Departement.

Graad R: **08:00 – 13:00**
Graad 1-2: **Begin 08:00. Kom 13:15 uit. Daar sal toesig wees vir die leerlinge tot 14:00 in hul voogklas. Stel asb. die voogonderwyser in kennis of u kind 13:15 moet verdaag of in die toesigklas moet bly.**
(Graad 1's kom 14- 16 Januarie 2015 12:30 uit)
Graad 3: **Begin 08:00 kom 14:00 uit.**
Graad 4-7: **Begin 07:20. Kom 14:00 uit.**

Indien die terrein netjies is sal die skool op Vrydae 13:00 uitkom. Ons sal u elke Dinsdag met die weeklikse

.....

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 1/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 1 van 2015.

1. OMSENDBRIEWE: OUDSTE EN ENIGSTE LEERDER IN SKOOL

Ek wil graag die Omsendbriewe op die volgende manier ontvang:
Harde kopie per hand ☐ Elektroniese kopie per epos ☐

2. BROODJIEPROJEK

My kind _____ in Gr ___/_____ moet asb. deel van die broodjieprojek wees en dus elke dag 'n toebroodjie ontvang.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 1 – 14 JANUARIE 2015

omsendbrief laat weet indien die skool die betrokke Vrydag vroeër uitkom.
DIE SKOOL KOM VRYDAG 16 JANUARIE 13:00 UIT.

OUDLEERDERS PRESTEER:
Die volgende leerders het met die matriekuitslae verskeie onderskeidings behaal:

Johan Potgieter (Hoofseun 2009) : 8 onderskeidings
Claudia van Dyk (Hoofdogter 2009) : 8 onderskeidings
Wilmari Muller : 5 onderskeidings

Baie geluk aan hierdie leerders. Danie Malan is baie trots op julle!!! Indien u van nog oud Danie Malanners weet wat presteer het, kan u ons gerus daaroor inlig.

OMSENDBRIEWE:
U ontvang weekliks op 'n Dinsdag omsendbriewe. Dui asb. op die afskeurstrokie aan indien u 'n harde kopie wil ontvang of per epos. Ons wil graag papier en koste bespaar en nie onnodig briewe afrol wat elektronies uitgegee kan word nie.

SKOOLGELD 2015:
Op die Algemene Jaarvergadering is besluit dat skoolgelde vir Graad 1-7 - R6 700 vir die jaar is, betaalbaar oor 10 maande (R670 per maand). Ouers wat 2015 se skoolgeld voor of op 15 Januarie 2015 betaal, ontvang 'n R 500 korting, en hoef dus net R6 200 te betaal. Die Graad R se skoolgeld vir 2015 is R7 400 betaalbaar oor 10 paaiemente van R 740 per maand. 'n Korting van R 500 word toegestaan aan Gr R ouers wie se skoolgeld voor 15 Januarie ten volle betaal is.

Betalingsmetodes :
Debietorder : Eerste aftrekking Februarie 2015.
Eerste paaiement is in kontant betaalbaar, en nie d.m.v. 'n debietorder nie.
Internet / Direkte Deposito : Gebruik asb. u kind se **verwysingsnommer** as verwysing. Maak asb. seker dat die kassier die verwysing insleutel, en stuur bewys van betaling na skool.
Per Tjek : Skryf asb. volledige besonderhede agter op tjek.
Kontant : Indien u kontant betaal, stuur asb. die korrekte bedrag aangesien daar nie altyd kleingeld beskikbaar is nie.

Vrystelling :
Aansoekvorms vir vrystelling is op aanvraag by die kantoor beskikbaar vanaf 14 Januarie 2015.

Spesiale Reëlings :
Spesiale reëlings vir betalings moet skriftelik getref word.

Agterstallige Skoolgeld :
Skoolgeld wat agterstallig raak, sonder dat skriftelike reëlings getref is, word aan ons prokureur oorhandig vir invordering. Ouers is verantwoordelik vir alle regskostes.

GEBRUIK KORREKTE VERWYSING MET INBETALINGS:
Gebruik asseblief die korrekte verwysing wanneer u internetbetalings maak. Gebruik u **familiekode** (4 syfers) + kind se **naam en van** + **waarvoor** die betaling is met enige betaling. U kind ontvang 'n Prospektus, waarin u kind se verwysingsnommer ingeskryf sal wees. Indien ons nie die regte verwysingsnommer het nie, kan ons nie die inbetaling teen u rekening aanbring nie.

SKRYFBEHOEFTES 2015:
Die volgende skryfbehoeftes is die basiese skryfbehoeftes wat 'n leerling in Gr 4-7 benodig. Die Graad 1-3 leerlinge het spesifieke lyste ontvang met spesifieke benodigdhede.

1. Uitdraaikryte of inkleurpotlode
2. Skêr
3. HB grys potlode/ "pacer"
4. Witbord
5. Witbordpenne
6. Pritt – ongeveer een buis per maand
7. Skerpmaker met houer
8. Liniaal
9. Uitveër
10. Blou penne
11. Skooldagboek

Een 10 bladsy Flip File vir omsendbriewe en toetse.

BEHOEFTIGE FONDS:
Baie dankie vir elke ouer wat donasies maak vir ons behoeftige fonds. Die R5 wat u elke einde van die kwartaal stuur, as die leerlinge gewone klere mag aantrek, het ons deur die jaar vir die volgende gebruik:

- Uitstappies en toere vir behoeftige leerders.
- Klere vir behoeftige leerders, indien daar nie in die klerebank was.
- Ontbytpap is in die oggende vir die leerlinge gegee.
- 'n R500 geskenkbewys by 'n slaghuis per gesin, is met die kerspartytjie gegee, sodat die ouers vleis kon koop gedurende die kersseisoen.

Dankie vir u warm harte en oop hande!

GEDENKMUUR:
Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7's van 2015 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2015.

DAGBOEKE 2015:
U word versoek om vir u kind self 'n A5 grootte skooldagboek aan te koop vir 2015.

PUNTDIENSBEAMPTES:
Ons wil van hierdie jaar af persone aanstel om puntdiens te doen by die drie kruisings om die skool.
Punt 1: By oorgang oorkant die saal in Jan van Riebeeckstraat
Punt 2: By oorgang oorkant die Sporthek in Jan van Riebeeckstraat
Punt 3: By oorgang in Koos de La Reystraat
Die tye is soos volg:
Sessie 1 Oggende: Van 06:30 – 08:15 (1 uur 45 minute)
Sessie 2 Middae: 13:15 – 14:30 (1 uur 15 minute)
Die skool kan R25 per sessie betaal.
Die puntdiensbeamptes moet kinders help om veilig oor die straat te loop. Enige persoon wat belangstel om as puntdiensbeampte op te tree moet asseblief die skool kontak of u naam en kontakbesonderhede by ontvangs kom opgee. U is ook welkom om 'n epos na die hoof te stuur by hoof@daniemalan.co.za.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 1 – 14 JANUARIE 2015

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:
Daar is gratis middelafstandoefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 van Maandae tot Donderdae.

MY SCHOOL EN MAKRO:
Ons herinner u daaraan om u "My school" kaart te gebruik. Elke keer wat u aankope met die kaart doen ontvang die skool 'n gedeelte van u aankope. Maak ook seker dat u Makro kaart gekoppel is aan Danie Malan. Ons verdien baie geld, net omdat u as Danie Malan ouer by Makro aankope doen. Ons het van Junie – Desember 2014 R30 000 verdien. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het!

KLEREBANK:
Ons doen 'n beroep op ouers om al hul kinders se skoolklere duidelik te merk met u kind se naam en van. Daar is sakke vol verlore en ongemerkte klere in die klerebank. U is welkom om die klerebank te besoek en te kom kyk of u kind se verlore klere daar is. Skenk asb. ou bruikbare klere aan die klerebank. Die klerebank is oop op **Dinsdae en Donderdae vanaf 06:45 – 07:00 en 14:00 – 14:15.**

SLUITKASTE:
Sluitkaste is beskikbaar teen R150 per jaar vir die groot kaste en R130 per jaar vir die kleiner kaste. Leerlinge moet hul eie slot voorsien. Betalings word by Mev. Annatjie Degenaar in die kantoor gedoen. Daar is aparte sluitkaste vir die seuns en dogters sodat hul dit gedurende pouse kan besoek.

PROSPEKTUS:
Elke leerling van Gr. 1 – 7 ontvang 'n Prospektus met die dissiplinebeleid, kleredragbeleid, en ander belangrike inligting in. Daarin sal ook 'n los papier wees wat u vir ons moet invul en teken. Die vorm wat u moet gebruik as u ons in kennis wil stel as u kind uitsonderlik presteer het, sal u ook ontvang.

ATLETIEKBYEENKOMS : HUISSPORT – 16 JANUARIE 2015:
1. Die leerders moet om **07:20** by die skool wees.
   Die byeenkoms sal om **08:00** amptelik begin en die skool sal 13:00 uitkom.
2. Die **kleure** waarin die verskillende spanne deelneem is soos volg:

Koedoes	-	Groen
Elande	-	Blou
Rooibokke	-	Rooi
Gemsbokke	-	Geel

U moet egter onder geen omstandighede vir u kind dié spesifieke klere aankoop indien hy/sy dit nie reeds het nie. Enige gemaklike en **betaamlike klere** sal ook aanvaarbaar wees – leerders kan net 'n lint / strik / stukkie karton met die bepaalde kleur aan hê. Leerders wat nie deelneem nie trek ook volgens die Bokspanne se kleure aan.
Indien u kind met die uitdunne nie deelgeneem het nie as gevolg van siekte, of 'n nuwe leerder is, is hy/sy welkom om Vrydag 15 Januarie 2015 deel te neem. Nuwe leerlinge mag ook deelneem.
Alle Gr. 2 – 7 leerders moet die byeenkoms bywoon aangesien dit as 'n gewone skooldag beskou word. Leerders gaan na die afloop van die byeenkoms eers weer klasse toe, totdat die skool verdaag.
ALLE LEERDERS MOET STEEDS TASSE BRING, INDIEN DIT REëN SAL DIT 'N GEWONE SKOOLDAG WEES.
Die atletiekoefening begin reeds Maandag, 19 Januarie 2015. U kind sal mondelings en op sy/haar deelnemers kaartjie tydens die Huissport in kennis gestel word indien hy/sy Maandag by die oefening moet wees. Alle leerders wat 'n eerste tot sede plek behaal, sal deel wees van die oefengroep.
Diskus en spiesgooi: Alle 12 en 13 jariges wat aan die items wil deelneem, kan **Donderdag 15 Januarie 2015** na die uitdunne kom by die Rugbyveld van 14:00. Die uitdunne sal ook die atlete bepaal wat gaan deelneem aan die res van die seisoen, aangesien die items nie deel is van die huissport nie.

KOEDOES - GROEN	ELANDE – BLOU	GEMSBOKKE – GEEL	ROOIBOKKE - ROOI
7/30	**7/T1**	**7/32**	**7/56**
7/T2 (E)	6/T4 (E)	6/36	6/99
6/34	5/T3	5/96 (E)	5/31
5/46	5/T6	4/48	4/ T5 (E)
4/49	4/55	4/47	3/76
3/78	3/79	3/77	3/23 (E)
2/13 (E)	2/17	2/25	2/28
2/T8			

3. **NB! GRAAD 1 LEERDERS WAT NIE DEELNEEM VRYDAG AAN DIE ATLETIEK NIE, KAN BY DIE HUIS BLY.**

BROODJIE-PROJEK:
Ons het 'n broodjie-projek by die skool waar minder bevoorregte leerders broodjies gedurende pouses ontvang. Dit behels dat u as ouer een keer per maand ±30 broodjies moet maak, in aparte sakkies moet sit, en voor 9 uur daardie oggend skool toe moet bring in 'n Checkers sak of boks. U kan selfs ook net een keer per maand 'n vrug, lekkertjie of koeldrank vir 60 leerlinge stuur. 'n Ander alternatief is om eenkeer per maand of eenmalig 'n bydrae skool toe te stuur waarmee ons vir daardie leerlinge brood koop.

U kan ook betrokke raak deur vir een van ons behoeftige leerlinge lekkergoedpakkies of roomyse of koekies te stuur as hul verjaar om aan hul klasmaats uit te deel. Die glimlag en trots op daardie kinders se gesigte as hul iets kan uitdeel op hul verjaarsdag, maak 'n groot verskil! As u belang stel om betrokke te raak is u welkom om me. Maureen de Klerk te kontak by 0823327172.

Dui asb. op die afskeurstrokie aan indien u kind deel moet wees van die broodjieprojek. Let wel – die broodjieprojek is nie vir ouers wat te lui is om toebroodjies te maak nie maar wel vir behoeftige leerlinge.

SA SAGTEBAL:
Die volgende leerders is gekies vir die All Stars span: Keano Geldenhuys, Amoré Malan, Marnus Basson en Jacques Dippenaar. Baie geluk aan die leerders. Ons is trots op julle.

SELFONE GEDURENDE SKOOLTYD 2015:
'n Leerling wie se selfoon aan of sigbaar is gedurende skooltyd (voor skool tot die skool uitkom in die middae), se selfoon sal deur die onderwyser ingeneem word en in die kluis in die kantoor toegesluit word. Ouers moet self die selfoon kom afhaal en 'n boete van R50 betaal.

LOSIE:
Ons verhuur die losie uit vir R1500 per aand oor naweke. Me.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 1 – 14 JANUARIE 2015

Annatjie Degenaar hanteer die besprekings.

"BEE" of SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING "SEB":
Indien daar ouers is wat betrokke is by Swart Bemagtiging akkreditasie, of ouers wat BEE bydraes moet maak om geakkrediteer te word, kan u vir Adel Jordaan skakel. Sy kan aan u verduidelik hoe die skool daaruit kan voordeel trek. Vir meer inligting skakel Adel by 0727808360.

TOP TIEN PRESTEERDERS – 4DE KWARTAAL 2014:
Baie geluk aan die volgende leerders wat die Top 10 presteerders was met die vierde kwartaal 2014 se verslae.

GRAAD 4		GRAAD 5	
Anke Bosch	92.02	Alexa Farrell	95.42
Paule-Blondelle Bangue Elombo	92.00	Nashita Chowdhury	91.84
Timoné Manders	90.11	Duné Liebenberg	91.64
Monika Vos	89.51	Inge Müller	91.58
Danell Beyleveld	87.78	Londeka Mgwenya	91.30
Charlene du Preez	85.82	Carla Geere	90.83
Naledi van Wyk	84.84	Anri Louw	90.46
Maruché Smith	84.47	Marianca Muller	90.32
Werner Botha	83.51	Christelle Samons	90.26
Almira Coetzer	83.07	Amoné Schoombie	89.39
GRAAD 6		**GRAAD 7**	
Kayla Krüger	93.21	KristIn Smith	91.34
Carla Smith	90.15	Ané Müller	90.01
Charné Scholtz	87.18	Dawid Wannenburg	89.89
Jeandré vd Nest	85.57	Megan Hughes	86.77
Karla Vos	85.17	Ammara Kadia	85.75
Zelri Vorster	84.99	Tshimologo Maditse	84.40
Marco Botha	84.50	Bernadine Nieuwoudt	83.48
Rozelle Hattingh	84.48	Marlé Samons	83.29
Xanthe van Loggerenberg	83.81	Thomas Manders	81.31
Jorim Bangue Bangue Elombo	83.69	Melisha Uys	80.90

ADVERTENSIES IN OMSENDBRIEF EN VERSPREIDING VAN STROOIBILJETTE:
U kan in die omsendbrief adverteer:
Uitdeel en verspreiding van strooibiljette - R400
Uitdeel van strooibiljette en ontvangs van Afskeurstrokies R500
Advertensie in omsendbrief A6 – R200, A5 – R250

HERWINNING:
Ons herwin papier. Indien u tydskrifte of boeke het kan u dit in ons Mondi-drom kom gooi in Koos de La Reystraat. U kan ook gebruikte wit papier wat geen krammetjies in het nie kantoor toe stuur. Ons aanvaar ongelukkig nie meer ander herwinbare materiaal soos koeldrankbottels nie.

REDENAARS :

Graad 1 – 3 (2-4 min)
Onderwerpe: Lekker is net 'n vinger lank Een vrot appel steek al die ander aan Kinders moet gesien word, maar nie gehoor word nie Oos, Wes, Tuis, Bes Met grysheid kom wysheid
Uitdunne in klas: Voor 10 Februarie
Finaliste: 16 Feb 18:30 in skoolsaal
Graad 4 – 5 (2-4 min)
Onderwerpe: Liewer bang Jan as dooie Jan Een swaeltjie maak nog nie 'n somer nie Blaffende honde byt nie Buig die boompie solank hy jonk is Die een hand was die ander
Uitdunne in klas: Voor 10 Februarie
Finaliste: 17 Feb 18:30 in skoolsaal
Graad 6 – 7 (4-5 min)
Onderwerpe: Te veel hooi op jou vurk hê As dit pap reën, moet jy skep Elke dassie prys sy eie kwassie Geld wat stom is, maak reg wat krom is 'n Boom gooi altyd 'n skaduwee
Uitdunne in klas: Voor 10 Februarie
Finaliste: 18 Feb 18:30 in skoolsaal

MERIETEFUNKSIE 2015:
Neem asb. kennis dat 2015 se Merietefunksie ***na*** **November** plaasvind, sodat ons die eksamen in berekening bring by die toekennings. Tref dus u **Desember vakansie** vir **na 9 Desember 2015**.

GRAAD 1 – PAKKET VIR 2015:
Neem asb. kennis dat die Graad R + Graad 1 pakkette uitverkoop is.

HANDBOEKE 2014:
Leerders wat nie handboeke in 2014 ingehandig het nie, kan volgens Departementele vereistes nie handboeke in 2015 ontvang nie. Bring asb. handboeke dringend skool toe of bewys van betaling van R200 vir verlore en R100 vir beskadigde boeke.

Groete

Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 1 – 14 JANUARIE 2015

ADVERTENSIES

VOORBEELD VAN PLAKKERS OM

AYLA HANEKOM

SKR YFBEHOEFTES TE MERK.

(R50 VIR 200)

AYLA HANEKOM

GEDOEN BY:

Deon Theron musiekateljee

B.mus (Hons) Univ. v Pretoria

- Individuele afrigting in: Klavier, klarinet en ligtemusiek sang.
- Unisa en Trinity eksamens graad 1 tot 8.
- Afrigting vir die Pretoria Eisteddfod asook kunswedstryde.
- Klassieke afrigting in klavier asook ligte musiek klavier.
- Kontak Deon Theron: 082 3351907.
- Area: Pretoria- Noord.

PROFESSIONELE TENNISAFRIGTING

TE LAERSKOOL DANIE MALAN

DINSDAG- of DONDERDAGMIDDAE OP SKOOLBANE VANAF 14:15

GR R tot 2's OP WEEKSOGGENDE VANAF 07:15 – 07:45

KONTAK

MARIETJIE VAN NIEKERK
084 442 1847

IZAK VAN NIEKERK
083 500 2584

PLATINUM
Musiek Akademie

SANG, KITAAR KLAVIER & KLAWERBORD KLASSE

LET WEL MIN PLEKKIES BESKIKBAAR SO SPRING VINNIG VIR 2015
ALLE OUDERDOMME WELKOM.

Ons is by Laerskool Danie Malan in Pretoria - Noord

Wat Leer Musiek Jou?

Selfdisissipline, Selfvertroue, Selfrespek en verander, Hantering van Stres, Koördineering, Dinkvaardigheid, Luistervaardigheid, Bekwaamheid, Verbetering in Leesvermoë, Ondek jouself (wie jy is) Verhoudingsbou,Vertroue & Breinontwikkeling

Kom Droom, Leef, Ondek en Verken Jou Talent. Kontak: 082 775 3626

www.platinummusiek.co.za